Downloaded from Stanmorephysics.com


basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## MEI/JUNIE 2026

Stanmorephysics.com

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop ná ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 20 minute |
| AFDELING C: | 50 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**SUID-AFRIKA SE TYLA MAAK GESKIEDENIS MET HAAR MUSIEK!**



1 En die wenner is ... Tyla, die meisie van Suid-Afrika!

2 Só het Tyla in 2024 die Grammy-toekenning vir haar treffer, *Water,* gewen. Dit was in die kategorie, Beste Afrika-musiekvertoning. Dit was 'n nuwe kategorie wat vir die eerste keer by die 66ste Grammy's in Los Angeles toegeken is. 'n Ander Suid-Afrikaner, Musa Keys, is ook vir dié prys benoem, maar Tyla het gewen.

3 Tyla Seethal (24) is in 2002 in Edenvale, naby Johannesburg, gebore. Sy is een van vyf kinders. Haar groter familie is van Zoeloe, Indiese, Mauritiaanse en Ierse afkoms.

4 Tyla sê musiek is in haar familie. Sy het van kleins af geweet sy wil eendag 'n sangeres word. Toe sy nog op skool was, het sy naweke na musiekateljees toe gegaan. Daar het sy dan musiek geskryf en opgeneem en gehoop iemand gee haar die kans om haar musiek vry te stel. Sy het haar liedjies op haar *Instagram*-rekening geplaas en dit vir bekende musiekmense gestuur. So het haar eerste bestuurder, Garth von Glehn, haar ontdek en haar gehelp om haar eerste opnamesessie te reël.

5 Suid-Afrikaners het in 2019 van Tyla begin hoor toe sy haar debuut-enkelsnit, *Getting late*, bekendgestel het. Nadat Tyla in dieselfde jaar aan Hoërskool Edenglen gematrikuleer het, het sy vir 'n graad in mynbou-ingenieurswese ingeskryf. Sy het egter nooit hierdie studies voltooi nie, want sy wou eerder sing. Haar ouers, Sharleen en Sherwin Seethal, was aan die begin nie tevrede met hierdie droom van Tyla nie. Later het hulle ingestem dat sy vir een jaar op haar musiek kon fokus en sien waarheen dit haar neem. Vandag is haar ouers haar grootste ondersteuners.

6 Die res is geskiedenis! Met haar energieke persoonlikheid en hope musiektalent het Tyla vir haarself 'n musiekloopbaan begin. In 2021 het Epic Records 'n kontrak met haar geteken. Daarna het die hele wêreld van haar geweet.

7 Alhoewel Tyla ook R&B sing, is popmusiek en amapiano eintlik haar ding. Sy meng dié twee genres en noem dit sommer popiano. In die media staan sy dan ook bekend as die "Queen of popiano". Sy verwys dikwels na Johannesburg in haar liedjies, want dit is waar sy grootgeword het.

Downloaded from Stanmorephysics.com


8 Tyla is die eerste Suid-Afrikaanse vrouekunstenaar met 'n album wat meer as eenmiljard keer op *Spotify* gestroom is. *Water* was 'n wegholtreffer. Volgens *Spotify* het mense meer as 600 miljoen keer daarna geluister. Die musiekvideo is meer as 185 miljoen keer gekyk. In 2023 was dit ook die mees gestroomde Afrobeats-liedjie op *Spotify*. Chart Data, 'n organisasie wat inligting gee oor wat mense in die musiekbedryf doen, het hierdie enorme sukses van Tyla op *X* gedeel.

9 *Water* het die toptien in sestien lande gehaal, onder meer Brittanje en die VSA. Dit is ook die eerste liedjie deur 'n Suid-Afrikaanse sanger wat in 55 jaar op die Amerikaanse Billboard Hot 100 verskyn het. Na haar Grammy-toekenning is Tyla ook vir ander toekennings genomineer, onder meer vir 'n BRIT-toekenning en twee Suid-Afrikaanse musiektoekennings.

10 Suid-Afrika was goed verteenwoordig by die 66ste Grammy's. Behalwe Musa Keys is die acapella-groep, Just 6, ook benoem. Trevor Noah, die bekende en geliefde Suid-Afrikaanse komediant, was ook daar. Hy het nie net die Grammy's vir die vierde keer aangebied nie, maar is ook benoem in die kategorie vir die Beste Komedie-album.

11 Zizi Kodwa, toe die Minister van Sport, Kuns en Kultuur, het al hierdie Suid-Afrikaners gelukgewens met hulle deelname en prestasies. Hy sê hulle wys die diverse Suid-Afrikaanse kunstalent vir die hele wêreld. Van Tyla sê hy dat haar groot sukses op so 'n jong ouderdom 'n groot inspirasie vir duisende jong kunstenaars en jong meisies regoor Afrika is.

12 Tyla het Afrika se musiek en dans wêreldwyd gewild gemaak. Dié meisie weet wat sy wil doen en is bereid om hard te werk om dit te bereik. Haar eie droom is om die eerste globale popster van Afrika te wees. Met haar talent en passie vir wat sy doen, is hierdie droom sekerlik binne haar bereik!



[Bron: Maroela Media, *Wikipedia* en *Capital XTRA*]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 VOLTOOI die sinne hieronder deur by elke vraag (1.1.1 tot 1.1.3) EEN woord uit PARAGRAAF 2 in te vul.

Die 66ste Grammy's is in (1.1.1) ... (die jaar) in (1.1.2) ... (stad) gehou. Met haar bekende liedjie, (1.1.3) ..., het Tyla die toekenning vir Beste Afrika-Musiekvertoning ontvang. (3)

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.2 Hoe oud is Tyla? (1)

1.3 Tyla is haar ouers se enigste kind.

Haal EEN sin uit die teks aan om te motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.4 Gee TWEE redes waarom ons kan sê dat Tyla as skoolmeisie reeds sélf dinge gedoen het om met haar sangloopbaan te begin. (2)

1.5 By watter skool het Tyla haar matriek voltooi? (1)

1.6 Lees paragraaf 5.

Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies.

Toe Tyla nie haar studies in mynbou-ingenieurswese voltooi het nie, was haar ouers (1.6.1) (tevrede/ontevrede) daaroor. Nadat Tyla groot sukses met haar sang behaal het, was haar ouers baie (1.6.2) (kwaad vir/trots op) haar. (2)

1.7 Gee TWEE redes waarom Tyla so gou sukses behaal het. (2)

1.8 Waarom pas die bynaam, "Queen of popiano", so goed by Tyla? (1)

1.9 "Die musiekvideo is meer as 185 miljoen keer gekyk." (Reël 38 en 39)

Waarom is dit 'n FEIT? (1)

1.10 Noem TWEE lande waar *Water* die toptien behaal het. (2)

1.11 Noem TWEE dinge wat Tyla en Trevor Noah volgens paragraaf 10 in gemeen het. (2)

1.12 Ons lees in die teks dat Tyla vinnig groot sukses behaal het.

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die datum in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.12.1 tot 1.12.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.12.1 2002 | A Tyla het vir Garth von Glehn ontmoet. |
| 1.12.2 2019 | B Tyla het 'n ooreenkoms met 'n maatskappy aangegaan om haar musiek te bemark. |
| 1.12.3 2021 | C Die vrystelling van haar groot treffer in hierdie jaar het vir haar sukses gebring. |
| 1.12.4 2023 | D Tyla het met haar eerste eie liedjie in Suid-Afrika sukses behaal. |
| | E Die Seethal-ouers se dogter is gebore. |

(4 x 1) (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.13 Waarom kan jy saam met die vorige Minister van Sport, Kuns en Kultuur oor die diverse Suid-Afrikaanse kunstalent opgewonde wees? (Paragraaf 11) (1)

1.14 Dink aan die titel van die teks.

Waarom is dit goed dat die skrywer Tyla se sukses as geskiedenis beskryf? (1)

**TEKS B: SPOTPRENT**

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: *Pinterest*]

1.15 Kyk na die hele spotprent.

1.15.1 Met watter seisoen word daar in hierdie spotprent gespot? (1)

1.15.2 Gee EEN rede waarom ons so kan sê. (1)

1.16 Kyk na die karakters.

1.16.1 Hoe weet ons dat die seuntjie nie verstaan wat gebeur het nie? (1)

1.16.2 Wat doen die pa wat vir ons wys dat hy verbaas is oor dit wat hy sien? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.17 Hoe kan ons uit die ander motors aflei dat Attie 'n fout gemaak het om hulle motor daar te parkeer? Noem EEN punt. (1)

1.18 Wat is die doel van 'n spotprent soos hierdie? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

### VRAAG 2

Draf is goed vir jou gesondheid, maar daar is altyd dinge om in ag te neem.

### INSTRUKSIES

1. Som SEWE **wenke** WAT JY IN GEDAGTE MOET HOU AS JY GAAN DRAF, in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die **wenke** puntsgewys neer.
3. Nommer die **wenke** van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**KOM ONS GAAN DRAF!**



Daar is verskillende redes waarom mense draf. Hier is 'n paar wenke om in gedagte te hou wanneer jy wil gaan draf.

Jou skoene is belangrik! Jy moet goeie drafskoene kry wat die nodige ondersteuning aan jou voete bied, veral as jy op 'n teerpad gaan hardloop. Dié skoene is duur. Jou drafklere is ewe belangrik. Jy behoort klere te dra waarin jou liggaam kan "asemhaal". Katoen en wol gaan nie vir jou werk nie.

Mense wat draf, ervaar dieselfde uitdagings. As jy in 'n groep draf, is die oefening lekker. Jou liggaam moet aan die draf gewoond raak. Maak dus seker dat jy jou oefensessie nie te vinnig begin nie. Oefening dehidreer jou en jou liggaam kan dan nie op sy beste funksioneer nie. Hoe meer jy oefen, hoe meer water moet jy drink.

Veiligheid eerste! Dis nie wys om alleen of op verlate plekke te draf nie. Kies 'n roete en tyd wanneer daar ander drawwers ook op die pad is. Onthou, jy deel die pad met ander gebruikers. Die algemene reël is om só te draf dat jy verkeer sien aankom. Sypaadjies bly nog die veiligste opsie.

Jy moet vir jouself 'n doelwit stel as jy begin draf. Wanneer jy voel om tou op te gooi, kan jy dalk vir 'n 5 km-pretdraf inskryf. Dit sal jou motiveer om aan te hou oefen.

[Verwerk uit *Kuier*, 7 November 2024, en ander]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie (TEKS D) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**

**ALL GOLD – NOG STÉÉDS SUID-AFRIKA SE BESTE!**

WAT IS 'N MAALTYD SONDER SUID-AFRIKA SE GUNSTELING-TAMATIESOUS?

SLEGS
R80*
Wat 'n WINSKOOP!




SPESIALE AANBIEDING! Koop EEN 700 mℓ-bottel en kry EEN 250 mℓ GRATIS! By ENIGE groot supermark!

(3.8)

**WEN! WEN! WEN!**

(3.5) (Wil jy EEN jaar se voorraad van All Gold Tamatiesous wen) Koop dan enige All Gold Tamatiesous by enige supermark.
Skandeer die QR-kode op jou strokie vir meer (3.9) (inlig)!

* Voorgestelde prys. Pryse kan by verskillende winkels verskil.

[Verwerkte teks]

Downloaded from Stanmorephysics.com


3.1 Volgens die adverteerder is All Gold Tamatiesous die meeste Suid-Afrikaners se eerste keuse.

Haal EEN woord uit die teks aan om dit te bewys. (1)

3.2 Waarom kan ons sê dat hierdie advertensie net sekere winkels bevoordeel? (1)

3.3 Die adverteerder noem die prys van die tamatiesous in die advertensie.

3.3.1 Noem EEN tegniek wat die adverteerder gebruik om die prys uit te lig. (1)

3.3.2 Wat is die doel van die asterisk (*) langs die prys? (1)

3.4 Waarom is dit slim van die adverteerder om vars tamaties saam met die bottel te plaas? (1)

3.5 Verbeter die sin hieronder deur die korrekte LEESTEKEN in te vul. Skryf die hele sin oor en plaas die leesteken op die korrekte plek.

Wil jy EEN jaar se voorraad van All Gold Tamatiesous wen (1)

3.6 Kies die KORREKTE ANTWOORD. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.6) neer.

Die adverteerder gebruik die woorde "WEN! WEN! WEN!" om ...

A die winskoop te verduidelik.
B aandag op die produk te vestig.
C die leser te manipuleer om verder te lees.
D te bevestig dat All Gold al verskeie pryse gewen het. (1)

3.7 Waarom sal NIE almal wat die produk koop, aan die kompetisie kan deelneem NIE? (1)

3.8 Hoe pas die "Trots Suid-Afrikaans"-logo by die etiket op die bottel? (1)

3.9 Gee die SELFSTANDIGE NAAMWOORD van die werkwoord tussen hakies.

Skandeer die QR-kode op jou strokie vir meer (inlig)! (1)
**[10]**


Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com


## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




[Verwerk uit Zits.com]

4.1 Kyk na RAAMPIE 1.

4.1.1 Na watter EEN woord in die sin verwys die ♫♫ in hierdie raampie? (1)

4.1.2 Hoe kan ons **sien** dat Chad nie daarvan hou om die liedjie in sy kop te hê nie? (1)

4.2 Skryf die sin in die INDIREKTE REDE.

Is dit simpel?

**Begin só:** Jeremy vra ... (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


4.3 "Is dit 'n oorwurm?" (RAAMPIE 3)

Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies.

Hierdie "oorwurm" word (4.3.1) (letterlik/figuurlik) bedoel. Dit beteken dat die woorde van die liedjie (4.3.2) (aanhoudend/af en toe) in iemand se kop draai. (2)

4.4 Kyk na RAAMPIE 5.

4.4.1 Wat **doen** Jeremy wat wys dat hy baie geskok is toe hy hoor watter liedjie dit is? Noem EEN punt. (1)

4.4.2 Watter tegnieke word gebruik om Jeremy se woorde in hierdie raampie te beklemtoon? Noem TWEE tegnieke. (2)

4.5 Gee die INTENSIEWE VORM van "kwaad". (1)

4.6 Waarom voel jy nie jammer vir Jeremy in RAAMPIE 6 nie? (1)
**[10]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F: ARTIKEL**

**KOOP TROTS SUID-AFRIKAANS**

Suid-Afrikaners leef in 'n tyd van (5.1.1) (styg) koste. Dit is elke dag 'n stryd (5.1.2) (kos op die tafel sit). Neem nou die (5.1.3) (reg) besluit en koop ons eie produkte. So lewer jy 'n (5.1.4) (negatiewe) bydrae tot ons land se ekonomie.

(5.1.5) (Dit gaan net om produkte wat in groot fabrieke vervaardig word.) Dit help ook met (5.1.6) (werkskepping) vir mense wat vir hulleself werk. Mense met kleiner (5.1.7) (besigheid) wil hê ons moet hulle ondersteun. Dink maar aan die kleremakers (5.1.8) (wie/wat) tradisionele klere maak.

Produkte wat van ander lande af kom, is dikwels (5.1.9) (duur) as ons eie. Dit sluit vervoer en verpakking in. (5.1.10) (Party mense het gedink dis *cool* om baie geld hiervoor te betaal.)

(5.1.11) (Koop ons eie produkte.) (5.1.12) (Dit gaan goed met ons ekonomie. Dit gaan goed met ons mense.) As ons saamwerk, kan ons almal (5.1.13) (die/'n) goeie lewe hê. Jy kan trots voel op jouself as jy hiermee help.

[Verwerkte teks]

5.1.1 Gee die TEENWOORDIGE DEELWOORD van die woord tussen hakies.

Suid-Afrikaners leef in 'n tyd van (styg) koste. (1)

5.1.2 Skryf die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF. Skryf die hele sin uit.

Dit is elke dag 'n stryd (kos op die tafel sit). (1)

5.1.3 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Neem nou die (reg) besluit en koop ons eie produkte. (1)

5.1.4 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

So lewer jy 'n (negatiewe) bydrae tot ons land se ekonomie. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


5.1.5 Skryf die sin in die ONTKENNING.

Dit gaan net om produkte wat in groot fabrieke vervaardig word. (1)

5.1.6 Verdeel die woord tussen hakies korrek in LETTERGREPE.

Dit help ook met (werkskepping) vir mense wat vir hulleself werk. (1)

5.1.7 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Mense met kleiner (besigheid) wil hê ons moet hulle ondersteun. (1)

5.1.8 Kies die KORREKTE WOORD uit dié tussen hakies.

Dink maar aan die kleremakers (wie/wat) tradisionele klere maak. (1)

5.1.9 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Produkte wat van ander lande af kom, is dikwels (duur) as ons eie. (1)

5.1.10 Skryf die sin in die TEENWOORDIGE TYD.

Party mense het gedink dis *cool* om baie geld hiervoor te betaal. (1)

5.1.11 HERSKRYF die sin.

Koop ons eie produkte.

**Begin só:** Jy moet ... (1)

5.1.12 Verbind die TWEE sinne. **Begin** met die woord tussen hakies. Plaas die KOMMA op die regte plek.

Dit gaan goed met ons ekonomie. Dit gaan goed met ons mense. (Wanneer) (2)

5.1.13 Kies die KORREKTE LIDWOORD tussen hakies.

As ons saamwerk, kan ons almal (die/'n) goeie lewe hê. (1)

Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com


5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**



[Bron: Eksaminator se eie werk]

5.2.1 Gee die KORREKTE Afrikaans vir die woord tussen hakies.

Ons sien die ma en pa se *(legs)* onder die tafel. (1)

5.2.2 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Ma het die wit tafeldoek oor die tafel gegooi. (1)

5.2.3 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Die gesin sit saam aan die (ete + tafel). (1)

5.2.4 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies.

Die gesin gebruik (borde, messe en vurke). (1)

5.2.5 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Die meisie drink 'n (glas) melk. (1)

5.2.6 Skryf die sin hieronder oor in die korrekte WOORDORDE.

Die twee kinders was die skottelgoed (versigtig) (in die kombuis) (na ete). (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou